

*Maranatha Mare*

*augustus 2022*

*Jaargang 49 No 7*

## **Sou ek?**

Wat as 'n engel die berig sou bring  
van 'n Kripkind onder 'n wildesering;  
as straatkinders verskrik en verstom,  
van 'n engel in 'n soeklig sou vertel;  
geleerdes glo wat agter 'n ster aan kom?

En as die kruis op Klapperkop was,  
sou ek ook op Hom wou spoeg en skel,  
saam met die skare "Hang Hom" skree  
en vir Jesus asyn in plaas van water gee?

Sou ek glo die Heer het opgestaan,  
as ek sien Hy ry hier op die grond  
tussen ons in minibussies rond?

Sê nou Hy het van die Vaal af opgevaar,  
sou ek dan kon glo die ou Berig is waar?

© **Hans du Plessis**

*(LitNet, 26 Mei 2022)*

[https://nhka.org/wp-content/uploads/2022/06/Blitspos-2022\\_06\\_30.pdf](https://nhka.org/wp-content/uploads/2022/06/Blitspos-2022_06_30.pdf)

## **Kerk - gebouw én gemeenschap**


“We zijn een vergrijzende gemeente.” Dit zei Jan Mulders in augustus 1994 toen ik in de gemeente kwam. De boodschap: we zullen niet lang meer overleven als kerk en Nederlandstalige geloofsgemeenschap. Volgens de begroting, hooguit drie jaar.

Nu is het augustus 2022, acht-en-twintig jaar later. We zijn er nog.

Gebouw én gemeenschap.

In Nederland heb ik wel eens kerkgebouwen gezien die “hergebruikt” werden. Een museum. Een kunstgalerij. Een woonhuis. Een bedrijf. Het kerkgebouw van de gemeente van mijn kindheid, Kaapstad, en dat van Nelspruit waar ik predikant was, werden verkocht. Beide nu onherkenbaar. Maar ik was er niet toen dat gebeurde. Ik weet niet hoe ze “afscheid” van de kerkgebouwen hadden genomen.

Het enige “afscheid van een kerkgebouw” dat ik meemaakte was dat van de gemeente Pretoria Sentraal, algemeen bekend als de Du Toitstraat Kerk.



De kerk werd verkocht aan de Zuid-Afrikaanse Reserve Bank. Het gebouw is van 1904-1905 en wordt als cultuurerfenis beschermd. De Bank maakt daar een museum van. Het project zal tegen einde 2024 voltooid zijn: historisch museum met gerestaureerd orgel. Op het terrein komt ook nog een kunstgalerij en bankmuseum.

Het orgelproject heeft een eigen curator, de bekende organist Prof Eddy Davey van Unisa. De curator van het museumproject wilde een interview met mij. Zij wilde iets van de Hervormde Kerk, haar geschiedenis en ethos, begrijpen.

Wij spraken over de vrij grote Nederlandse gemeenschap in Pretoria en in de gemeente in 1905 toen het gebouw werd ingewijd. Mijn overgrootouders, de Groenevelds, zijn in de laat 1800 naar Zuid-Afrika gekomen. Kennelijk zijn Nederlanders in die tijd gekomen specifiek voor de spoorwegen - ook mijn overgrootvader, ook de broer van Vincent van Gogh, Cornelis (Cor genoemd).

Tegen de oostelijke muur van de kerk is er een gedenksteen met de namen van Nederlanders die in de Zuid-Afrikaanse Oorlog (oftewel Anglo-Boereoorlog) gestorven zijn. Daarbij is de naam van Cor van Gogh. Hij vocht wel in de oorlog, maar is op 32 jaar bij Brandfort in de Vrijstaat aan koorts overleden.

De eerste vijf predikanten van de gemeente waren Nederlanders:

1904-1909: Prof. P.J. Muller

1909-1911: Ds. C.J.L. Ruysch van Dugteren

1914-1917: Prof. J.H.J.A. Greyvenstein

1917-1925: Dr. H.D. van Broekhuizen

1926-1949: Ds. S. Vermooten

Prof Greyvenstein was ook de stichter van onze gemeente hier in Johannesburg. Een foto van hem hangt vandaag steeds in de consistorie.

Gebouwen en gemeenschappen komen en gaan, blijven hetzelfde, veranderen. Historische erfenis aan de ene kant, vernieuwing aan de andere kant.

Maar "kerk" gaat door, soms ten spijten van doemprofetieën.

We zijn er nog.

**Yolanda Dreyer**

## **Hoe dan nou, die predikant is ook getjap?**

Bheki Cele se opmerkings oor tatoeëermerke onlangs het wye reaksie ontlok. Die heftige kritiek was interessant omdat dit wys hoe mense se nerf oor tatoeëermerke maar dun is (verskoon die woordspeling!) Opinies daarvoor kom vinnig oppervlak toe – na die een kant of die ander kant toe. Só was dit 13 jaar terug toe ek by die huis kom en my piepklein tatoeëermerk aan die huismense wys. Dit is 'n Egiptiese kruis, 'n Ankh, 3cm lank, aan die binnekant van my linkervoerarm. 'n Goeie plek om een te plaas, het die tatoeëer-kunstenaar my destyds verseker. Die vel daar is soepel en beskut teen die son. Dit gaan seer wees, het hy gewaarsku. En so was dit!

Met trots wys ek dit vir almal. Maar o wee! Een van my huismense begin dadelik met 'n lang lys stereotiperings oor meisies met tatoeëermerke. Sy kondig die einde van my werk as predikant in die kerk aan. Ek is in daardie jaar as predikant in die Hervormde Kerk bevestig. Sy is oortuig hulle gaan my uitskop as hulle dit sien. Gekwets, probeer ek 'n grap maak en haar troos: "In die Hervormde Kerk dra ons togas op die kansel, Tannie, niemand gaan dit eers sien nie". Ek moes haar nie probeer troos het nie. Ek moes haar stereotipering gekritiseer het en die onverantwoordelikheid, onredelikheid en skadelikheid daarvan uitgewys het. Maar ek was jonk en was nie altyd seker oor die Christelike kerk se reaksie oor dinge nie.

Dit was somer en die eerste Sondag daarna het ek 'n moulose hemp onder my toga aan. Toe ek die seën uitspreek, gly die toga se mou af en siedaar! Daar is die tatoe vir almal om te sien. Geen haan kraai daarna nie, en so word my eie stereotipering oor die kerk ook nek-om gedraai. Soos die tyd aanstap, sien nog mense dit raak. Daar is uiteenlopende opmerkings – sommige ongevraag en kwetsend. Meestal is dit egter interessante gesprekke oor die agtergrond van die keuse en hoe seer dit is. En dan die versugting: "Ag, ek wil dit ook so graag doen ..." Meer as 'n dekade later sien mense in my onmiddellike kring dit skaars raak. Daar is egter periodieke waarderende opmerkings sowel as opmerkings wat 'n uitstalling van onkunde is. Soos byvoorbeeld dat dit 'n moderne mode is. Dit is nie: die kuns van tatoeëermerke strek verder terug as 4000 jaar.

Tatoes simboliseer verskillende dinge vir verskillende mense, minister Cele. Daarom as predikant en teoloog, draai ek graag jou stereotipering nek-om en

groet ek jou met 'n tradisionele Indiese groet, wat iets uitdruk van die erkenning van die mooi in elke mens: "die Goddelike lig wat in my woon, groet die Goddelike lig wat in jou woon".

*Namaste, minister Cele.*

### **Tanya van Wyk**

*\*Oorspronklik gepubliseer in Die Beeld (Netwerk24) op Woensdag, 27 Julie 2022*

*\*Overgenomen met toestemming van Tanya*

### **De 'omzingeling' uit Nehemia 12**

*Nu Corona op z'n retour is, is in veel Nederlandse kerken weer samenzang toegestaan. Een feestelijk moment waar veel christenen naar hebben uitgezien! In de Bijbel wordt in Nehemia 12 na een crisis ook een muzikaal feest georganiseerd. De herbouw van Jeruzalem is afgerond. En Nehemia heeft een mooi plan om dat te vieren: met een 'omzingeling'. Is dat fout gespeld? Nee hoor, lees snel verder!*

Nehemia besluit twee koren te vormen. De koren bestaan uit geschoolde musici, maar ook uit amateur-zangers. De twee koren lopen over de herbouwde stadsmuren naar hetzelfde punt. Het ene koor loopt met de klok mee, de ander tegen de klok in. De twee koren maken dus een om-armende beweging om de stad. Vandaar dat gekke woord 'omzingeling': de koren omsingelen zingend de stad. Zo eigent de bevolking zich de Godsstad toe, en de toekomst die God hen daar heeft. God lof zingen is ook voor ons een bewuste daad: toe-eigenen wat God je geeft, je eigen maken wat de Heer je schenkt. Zingen is in de kerkdienst geen 'wachtmuziekje'. Het is bewust communiceren met God: 'om-zing-elen' wat God je in Jezus schenkt.

Drie details uit Nehemia 12 zetten je verder aan het nadenken over lofprijzing.

#### **het doel van de koren**

Hoewel de twee koren hun eigen route volgen, komen ze tot hetzelfde doel. Hun 'omzingeling' eindigt in de tempel, en daarmee bij God zelf. Zo kan het ook in de kerk zijn. Over kerkmuzikale smaak valt te twisten, en soms gaan verschillende 'koren' in de kerk daarin verschillende wegen. Daarom is het belangrijk steeds bij elkaar in het oog te houden dat langs verschillende wegen hetzelfde doel gediend kan worden: God de eer geven die Hem toe komt. Het kan helend zijn als gesprekken over kerkmuziek eerder over dat doel gaan en later pas over de vorm.

## **de plaats van de koren**

De beide koren gaan over de stadsmuren. Dat is hier: de grens tussen de stad van God en 'de wereld erbuiten'. Zo kan ook de lofzang in kerkdiensten ook stelling nemen zijn: samen wakend bij Gods reddingsplan voor onze wereld. Zoals bij een avondvierdaagse de menigte elkaar moed inzingt, zo zingen christenen elkaar christelijke moed in. Zoals Paulus en Silas zich letterlijk loszongen uit de gevangenis, zo kan de lofprijzing ons bevrijden en troosten.

## **de instrumenten van de koren**

In een bijzin meldt David dat de koren spelen op instrumenten van David. Maar David leefde veel eerder dan Nehemia. In de tussentijd was Jeruzalem platgebrand en geplunderd. Kennelijk had iemand Davids instrumenten bewaard, voor 'als zingen weer kon en mocht'. Zo halen christenen vanaf nu ook weer het instrument van hun stem onder 'het stof vandaan', nu samenzang in de kerk weer toegestaan is.

Dat de lofzang gaande blijft, is uiteindelijk Gods werk. Als wij gaan slapen, zingen christenen aan de andere kant van de werldebol hun morgenlied. Als wij ons laatste aardse loflied hebben gezongen, neemt Hij ons op in het koor van eeuwige zangers voor Zijn troon. Samenzang is onderdeel van die wereldwijde, altyddurende beweging. Daarom is samenzang hoopvol: Gods werk gaat door!

## **ds Arjan Berensen**

<https://www.lichtendlicht.nl/de-omzingeling-uit-nehemia-12-samenzang-kerken/>

## **Wat verklap jou klerekas oor jou?**

'n Paar jaar gelede het Marie Kondo se boek *The life-changing magic of tidying up: The Japanese art of decluttering and organizing* verskyn. In haar boek meen Kondo dat 'n mens, wanneer jy jou kaste uitsorteer, al jou besittings aan die volgende vraag moet onderwerp: Bring hierdie voorwerp vreugde in my lewe? Indien die antwoord nee is, is dit tyd om daarvan ontslae te raak. 'n Minimalistiese leefstyl word deur al hoe meer mense beoefen. Daar is selfs TVprogramme wat wys hoe mense vragshouers in huise omskep. Dit het alles te doen met mense se smagting na 'n eenvoudiger lewe midde-in 'n gejaagde, materialistiese wêreld. Hoewel die meeste van ons sekerlik nooit só radikaal sal minimaliseer nie, sorteer en pak ons tog van tyd tot tyd kaste reg. 'n Ruk terug is ek en my man op soek na iets wat verlê is toe ek besluit om sy

klerekas in te vaar om te kyk of ek dit daar kry. Hoewel ek nie die verlore voorwerp daar opgespoor het nie, het ek wel op ander interessante vondse afgekom. Van die items wat ek ontdek het, is onder andere 'n laken (wat eintlik in die linnekas hoort), Stasoft (wat sonder my medewete uit die opwas geneem is), en dit wat my veral opgewonde gehad het - koeverte met geld (wat hy kry wanneer hy begrafnisse lei). Aan die sentimentele kant was daar ook 'n Bybel met notas en aantekeninge en kerkblaadjies uit sy skooldae. Verder is sy klerekas onberispelik - alles perfek opgevou en ingepak, nes die perfeksionis wat hy is. Dit het my weer laat besef dat dit wat ons in ons kaste het, en selfs die manier waarop ons ons kaste pak en organiseer, baie verklap van ons persoonlikheid. So bult al my kaste van oorvol wees en hoewel ek my klere opvou, doen ek dit blykbaar nie netjies genoeg nie, want my kaste lyk alewig deurmekaar. Dit het seker ook te make met my filosofie dat 'n mens eerder alles in die kaste indruk as wat dit rondstaan en jou plek onnet laat lyk. Verlede jaar sorteer ek en my ma bejaarde lidmate se woonstel uit nadat die tannie oorlede is en die oom ouetehuis toe getrek het. Wanneer 'n mens iemand se kaste en huis so oppak, leer 'n mens daardie persoon op 'n intieme wyse ken. Soos wat ons deur hul besittings sorteer, kon ons sien dat hulle gelowige mense was, wat vir hulle kosbaar en spesiaal was, wat hul belangstellings en stokperdjies was. 'n Mens sien watter seer daar in hul lewe was, watter drome en planne hulle gehad het wat nooit verwesenlik is nie, en ook watter herinneringe hulle gekoester het. So beland die tasbare herinneringe van 'n mens se lewe en ervaringe in die een of ander stadium in 'n laai of kas. Volgende keer wanneer jy weer jou kaste uitsorteer, haal daardie aandenking uit, kyk daarna, wees dankbaar vir die herinneringe en koester dit in jou hart, want: Wysheid saam met besittings is goed; dit is 'n voordeel vir elkeen wat leef (Pred 7: 11).

### **Ds Marina Kok-Pretorius, Potchefstroom**

[https://nhka.org/wp-content/uploads/2022/07/Blitspos-2022\\_07\\_14.pdf](https://nhka.org/wp-content/uploads/2022/07/Blitspos-2022_07_14.pdf)



## **Bedankje van Jan Kriel Instituut**

Liewe Gemeente van die Here Jesus Christus

Vandag is dit my voorreg om te kan "Dankie" sê. Dankie aan ons Hemelse Vader wat voorsien en sorg. En dankie vir NH Kerk Nederlandssprekende Gemeente se bydrae van R 210.00. Dít maak spesiale onderrig, terapie en persoonlike aandag vir elke kind by Jan Krielskool moontlik. Die "ryk oes" getuig daarvan! 2021 se Matrieks kon spog met 'n 98,6% slaagsyfer, terwyl die gesamentlike slaagsyfer vir res van die grade 96.6% was! Voorwaar 'n uitsonderlike prestasie vir enige skool. Soveel te meer vir kinders met leergestremdhede! So kry elke kind 'n kans!

*God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan*

*julle saad gee en dit laat groei*

***en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.***

*Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees."*

- 2 Kor.9:9-11

Mag ons Here ook hierdie jaar in elke behoefte van julle voorsien.

Dankbare groete

**Ds. André van Wyk**

Direkteur: Jan Kriel Instituut

<b>Dienstrooster augustus 2022</b>			
	<b>zondag 7 aug</b>	<b>zondag 14 aug</b> <b>Koffiedrinken</b>	<b>zondag 21 aug</b> <b>Avondmaal</b>
<b>1</b>	Jan Willem Hoorweg	Ferry vd Kuil	Eddie de Jong
<b>Bloemen</b>	Rietje Spoon	Ellen vd Kuil	Joke de Jong
<b>Avondmaal</b>			Wanda Groenewald Joke de Jong
<b>Koffie Schenken</b>		Priscilla Ndlovu	
	<b>zondag 28 aug</b>		
<b>1</b>	Emmy Reinten		
<b>Bloemen</b>	Ina Tanzer		

<b>Agenda augustus 2022</b>		
<b>zondag 7 aug</b>	10h00	Eredienst Ds. Y Dreyer
<b>dinsdag 9 aug</b>	09h00 - 13h00	Kerkkantoor
<b>zondag 14 aug</b>	10h00	Eredienst Ds. Y Dreyer Koffiedrinken
<b>dinsdag 16 aug</b>	09h00 - 13h00	Kerkkantoor
<b>zondag 21 aug</b>	10h00	Eredienst Ds. Y Dreyer Avondmaal
<b>dinsdag 23 aug</b>	09h00 - 13h00	Kerkkantoor
<b>zondag 27 aug</b>	10h00	Eredienst Ds. Y Dreyer
<b>dinsdag 29 aug</b>	09h00 - 13h00	Kerkkantoor

<b>Verjaardagen augustus 2022</b>		
<b>dinsdag 2 aug</b>	Chantal Vermeulen-Strydom	011 436 0210
<b>maandag 8 aug</b>	Christina Schmidt-Pol	084 418 9575
<b>vrijdag 12 aug</b>	Ethan Griesel	078 503 2142
<b>dinsdag 23 aug</b>	Jan Herholdt	082 456 0996
<b>dinsdag 23 aug</b>	Linda Steinmann	011 234 5857

<b>MARANATHA KERK</b>	
<b>Webadres</b>	<a href="http://www.nlgemeente.co.za">http://www.nlgemeente.co.za</a>
<b>Facebook</b>	<a href="http://tinyurl.com/FBMaranatha">http://tinyurl.com/FBMaranatha</a>
<b>Straatadres</b>	Sherborneeweg 3, PARKTOWN
<b>Postadres</b>	Nederlandssprekende Gemeente Postbus 84552 GREENSIDE 2034
<b>Predikante</b>	<b>Ds Yolanda Dreyer</b> 012 348 9850 / 082 893 2104 yolanda.dreyer@up.ac.za
<b>Kerkkantoor</b> <b>Dinsdag ochtend</b> <b>09h00 - 13h00</b>	Joke de Jong 072 443 3535 nlgemeente@mweb.co.za
<b>Bank Details</b>	Beneficiary: Ned. Hervormde Kerk Nedbank Current Account 1979 316872 Branch: Nedbank Fox Street, Code 190805 Code 198765 for online payments
<b>Scriba</b> <b>Redactrice Mare</b>	Ellen van der Kuil 011 478 1082 / 083 626 3272 evdkuil@gmail.com
<b>Kassier</b>	Marco van Wieringen 011 442 9696 marcovw@mweb.co.za
<b>Koster</b>	Ferry van der Kuil 011 478 1082 estruct@iafrica.com
<b>Organist</b>	Johan van Staden 082 928 5874 jvstaden@webmail.co.za